

# DIE BOEK OPENBARING

## Hoofstuk 20

### Inleiding

'n Gevaarlike tyd word beskryf. Van 'n gelukstaat op die aarde voordat die geskiedenis afgeloop het en die Here kom, is hier nie sprake nie. Dit is ook nie so dat die Here eers 'n ruk lank op die aarde sal kom bly, waartydens Hy al die heiliges sal laat opstaan, sodat hulle in geluk en vrede met Hom sal saamlewe, en dan gaan Hy weer weg, om met die eindoordeel finaal te kom nie.

Hoofstuk 19 het die einde van die wêreldgeskiedenis beskryf. Hoofstuk 20 gaan eers weer in die geskiedenis terug. Hierdie gedeelte van die openbaring maak eers weer bekend wat alles gebeur in die tydperk direk voor die eindoordeel.

Die eindoordeel word eers van Hoofstuk 20:11vv weer beskryf.

Die hoofstuk val uiteen in vier dele:

- Die binding van die satan vir duisend jaar;
- Intussen gaan die vreugde in die hemel voort;
- Die loslating van die satan en die geweld wat hy teen die kerk aan die gang sit word weer geopenbaar;
- Ten slotte behartig die Here die eindoordeel.

*Hierdie hoofstuk openbaar wat in die tyd gebeur vandat die Here Jesus opgevaar het hemel toe, totdat die eindoordeel kom. Die gedeelte gee veral aandag aan wat in hierdie tydperk met die heidennasies op die aarde gebeur en wat terselfdertyd met die wat reeds gesterf het, in die hemel gebeur.*

### Vers 1

**En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.**  
(Openbaring 20:1 AFR53)

Die Here behartig die eindoordeel – die einde kom nader en die Here openbaar wat Hy alles doen in die aanloop na die laaste oomblik toe. Hierdie beskrywing is 'n terugblik op dit wat in die voorafgaande gedeelte baie kortliks gesê is, naamlik dat daar 'n vuur van die Here af uitgegaan het wat die duiwel en sy magte veroordeel en vir ewig weg geseël het.

Die openbaring wat Johannes nou kry, vertel net kortliks dat die wat in die Here Jesus Christus gesterf het, en die eerste opstanding deurgemaak het, nie deur hierdie oordeel geraak word nie. Hulle is veilig en volmaak by die Here. Hierdie gedeelte spits hom daarop toe om 'n waarskuwing te wees vir die mens van die eindtyd dat dit nie goed sal gaan met die mense wat hulle saam met die satan teen God verset nie.

Op die tydstip toe die Here Jesus weggevaar het hemel toe, was die evangelie van verlossing deur die soendood van die Here Jesus nog glad nie aan die heidennasies verkondig nie. Daarom verhaal vers 1-6 van die binding van die satan vir duisend jaar – en ook van alles wat in hierdie tyd gebeur.

Om te kan verstaan van watter tydperk die Bybel hier praat, moet ons die persone en die plek waarvan hier sprake is, identifiseer. Dit is alles rolspelers om hierdie openbaring te verstaan:

Die eerste persoon met wie ons kennis maak, is 'n engel. Hy is nie die Here Jesus nie. Johannes beskryf hoe hy hierdie engel uit die hemel sien neerdaal het. Hy is 'n magtige hemelgees wat by die Here die opdrag en die krag kry om die duiwel te kan oorrumpel en te bind. Dit is 'n baie magtige engel, want hy het die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand (Openbaring 20:1).

**En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.**  
(Openbaring 20:1 AFR53)

Ons ken hierdie engel al uit vorige openbaringe aan Johannes:

**En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. En hy het die put van die afgrond oop-gemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.**  
(Openbaring 9:1-2 AFR53)

**En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreëus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.** (Openbaring 9:11 AFR53)

*Die ketting wat die engel het en die sleutel van die afgrond is simbolies om te sê dat hy groot magte het waarmee hy die satan kan beheer, met ander woorde hy het die vermoë om die satan volstrek te belet om op 'n bepaalde manier te werk.*

**Die sleutel** is om daarmee die gebied waar hy in opdrag van God werk, uit te beeld. Hy het die mag om oop en toe te sluit. Hy is die bewaker van diegene wat in die afgrond toegesluit is. Die sleutel is dus ook die simbool van die verantwoordelikheid wat aan hom toegeken is.

**Die ketting** is om sy mag uit te beeld. Hy het die vermoë om die duiwel te boei en met hierdie ketting vas te maak.

Die ketting is ook die simbool van wie die satan is! Hy is 'n baie woeste skepsel. Hy kan net met geweld hanteer word. Hy het 'n groot ketting nodig om hom vas te maak sodat hy onder bedwang kan kom en bly.

Die groot ketting is ook om die versekering te gee dat die satan nie kan losbreek as die Here hom laat bind nie. Dis die versekering dat die satan nie kan uitbreek as die Here sy magte begrens en hom verbied om bepaalde dinge te doen nie.

### **Vers 2, 3**

**En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar vol-eindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.**  
(Openbaring 20:2, 3 AFR53)

Die tweede persoon is die duiwel – die satan. Die satan word vir duisend jaar gebind.

Die Here openbaar hoe uiters beperkend die duiwel se mag is: Die Here stel dit baie duidelik in vers 3 dat Hy die satan vir 'n tyd lank heeltemal beperk.

**en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word. (Openbaring 20:3 AFR53)**

Die Here openbaar ook hoe die Here hom beperk sodat hy vir duisend jaar nie die nasies kan verlei nie. Die Here beperk hom nie om die Christene aan te val en moeite aan te doen nie!

Die doel waarom die duiwel oor die afgrond gegooi word en dit bokant hom verseël word, is sodat hy nie meer die nasies kan verlei solank as wat die duisend jaar nog aan die gang is nie. Die nasies is die heidene. Die Here beperk die satan sodat hy gedurende hierdie tyd nie die *heidenvolke en heiden regerings* in hulle massas teen God en die kerk te velde kan laat trek nie.

Daarmee openbaar die Here sy Eie Goddelike onkeerbare almag aan ons. Ons moet daarvan bewus wees dat niemand en niks die Here kan rondstoot of rondwing nie.

In 'n sekere sin het die duiwel hierdie nasies ook al so mislei met allerhande vervalste vorms van God se openbaring dat hulle nie ontvanklik was om die evangelie te hoor en te glo nie. Dink hier byvoorbeeld aan die mense se optrede toe Paulus op die Areopagus gepreek het van die opstanding uit die dood – Handeling 17:19vv.

Dit is baie belangrik om te lees dat die Here die duiwel nie geheel en al bind nie. Hy het hom net gebind t.o.v. sy misleiding met die heidene. Al die res van die satan se invloed en onderkruipery en bedrog het bly aangaan.

Die engel het die duiwel die stryd aangesê. Die draak word gegryp. Die feit dat die Bybel die duiwel hier met 'n aantal name opnoem, dui aan dat dit nie 'n maklike taak was om hom gebind te kry nie, omdat die engel die satan se werk op verskillende gebiede tot niet moes maak. Die name wat gebruik word vir die duiwel is almal beskrywend van sy verdorwenheid en sluheid (Openbaring 20:2).

**En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,**  
(Openbaring 20:2 AFR53)

Hierdie name van die satan is ook Openbaring 12 genoem.

- Na aanleiding van wat in Openbaring 12 geskryf staan, lyk dit of die bind van die satan beteken dat die mag wat die satan op die aarde het beperk word.
  - Hy kon niks aan die Seun doen nie.
  - Die Here beskerm die vrou teen die draak – vlerke en aarde wat water insluk.
  - Hy voer wel oorlog teen haar nakomelinge, maar hy kan dit nie alleen doen nie – hy maak gebruik van die dier uit die see en die dier uit die aarde.
- Die Here Jesus Christus se oorwinning oor die satan is dus die begin van die binding van die satan.

Die Satan is 'n baie woedende skepsel. Daarom openbaar die Here wat die engel alles moes doen om die satan in bedwang te hou.

- Hy moes hom gryp en hom vir duisend jaar vasgebind.

- Daarby moes hy hom in die afgrond werp
- By dit alles moes die engel die duiwel toesluit en dit bo hom verseël.
- Die engel moet letterlik elke moontlike voorsorgmaatreël tref.

Uit die beeld wat die Bybel gebruik, is dit duidelik dat hierdie aksie van die engel nie eers tydens die eindoordeel gebeur nie, want die plek waar die duiwel vasgemaak word, vertel dit. Die beeld sê hy word oor 'n afgrond gegooi. Afgronde kry ons op die aarde. Met hierdie eerste vasbindslag is die duiwel nog nie by sy laaste adres, naamlik in die vuur nie. Eers wanneer God self reg aan die einde ingryp, word die satan in die poel van vuur gegooi.

*Die duiwel is nie die enigste skepsel wat deur die Here gebind is/was omdat hy hom nie kan gedra nie. Ons lees van meer gevalle in die Bybel waar die Here engele wat hulle saam met die satan skaar, gebind het, of laat bind het.*

En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar (God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag) (Judas 1:6).

Daar is ook nog die keer waarvan Johannes skryf in Openbaring 9:14: Die stem het vir die sesde engel, wat die trompet het, gesê:

**Maak los die vier engele wat by die groot Eufraatrivier vas-gemaak is.** ([Openbaring 9:14 AFR83](#))

Hierdie engel van wie ons lees in Openbaring 20 bind die satan vir duisend jaar. Duisend jaar is 'n simboliese tydperk. Dit dui 'n afgeronde tydperk aan wat deur God vasgestel is en deur Hom beheer word. Waarskynlik die tydperk van die eerste koms van die Here Jesus Christus af tot net voor die tweede koms.

Duisend jaar is ook 'n simboliese getal wat volmaakte volheid aandui.

Hoeveel jare die duisend jaar werklik is, kan ons nie werklik bepaal nie, want die Here se tyd werk anders as aardse tyd. Ons lees in 2 Petrus 3:8 die volgende:

**Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.** (2 Petrus 3:8 AFR53)

Die Chiliaste verklaar hierdie duisend jaar as letterlik duisend jaar soos dit in die alledaagse kalender aan mense bekend is. Sodanige verklaring skep egter talle probleme, want dan moet alles in hierdie gedeelte letterlik verklaar word.

- Die letterlike verklaring van die duisend jaar veronderstel dat daar vir die volle tyd van die duisend jaar 'n heilstaat sal moet wees omdat die satan gebind is.
- Dit beteken dat daar vir duisend jaar geen sonde of ellendes sal wees nie. Daarvan is daar in hierdie openbaring geen sprake nie.

Daar is ook 'n ander verklaring van die duisend jaar wat in die Gereformeerde wêreld redelik algemeen aanvaar word. Dit stel voor dat die binding van die satan vir duisend jaar nie letterlik opgeneem moet word nie. Die verklaring moet geestelik verstaan word. Daarvolgens is die duisend jaar 'n simboliese tydperk wat deur God bepaal is.

Die binding van die satan is nie 'n ten volle binding dat hy geen enkele sonde of verleiding kan pleeg nie. Die Here trek self die grense van hierdie binding – en Hy openbaar dit aan Johannes:

**... en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.** (Openbaring 20:3a AFR53)

Die satan word verhinder om die heidene (= nasies!) in beweging te bring teen God en sy kerk. Die Here doen dit uit genade, sodat die Christelike kerk in hierdie tyd nog geleentheid het om uit te brei.

- Die geskiedenis is tydens die duisend jaar nog nie op so 'n punt waar die regerings van die nasies reg oor die aarde teen die Here en sy kerk in verzet gekom het en die kerk van die Here en aanbedding deur die Christene verbied en hulle vervolg nie.
- Elke ongelowige wat tot bekering kom en Jesus Christus as sy en haar Verlosser erken en glo, is 'n bewys dat die satan se mag oor die nasies beperk is.

Vers 8 openbaar dat wanneer die satan weer vrygelaat word, hy die volke oor die hele aarde (vier hoeke van die aarde) gaan verlei om in verzet en opstand teen God en sy kerk te kom.

**en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekóm oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.**

(Openbaring 20:8, 9 AFR53)

Die openbaring van die satan se werk in vers 8 verklaar dus vanself dat die binding waarvan vers 2-3 praat, slegs beperkend is ten opsigte van die heidene. Ten opsigte hiervan is hy met kettings geboei en oor die afgrond gegooi.

Dat die sonde onder die mense in die algemeen – die Christene ingesluit, sou voortgaan tydens daardie tyd, is logies. Die mense is van nature verdorwe. Uit ons wese uit is ons sedert die sondeval weerspanning en in verzet teen God. Sonder die wedergeboorte wat deur God die Heilige Gees gewerk word, is elke mens heeltemal verdorwe. Vergelyk hiervoor die volgende uitspraak in die Skrif:

**En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af.** (Genesis 8:21 AFR53)

**Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen.** (Jeremia 13:23 AFR53)

**Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.** (Markus 7:21-23 AFR53)

**Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.** (Johannes 3:3 AFR53)

**Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; (Romeine 8:6-8 AFR53)**

**En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoor-saamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. (Efesiërs 2:1-3 AFR53)**

Slotsom: Behalwe vir die beperking wat die Here op die satan lê ten opsigte van die heidennasies sal hy die inisieerder en aanblaser van alle sondes bly. Die feit dat die satan gebind en oor die afgrond gegooi is, beteken dus nie dat alle sondes van die aarde af verdwyn het nie.

#### **Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.**

Hierdie optrede van die satan is heeltewel volgens die raadsplan van God – die woordjie **moet** wys daarop dat dit die besluit van God is dat dit so sal gebeur.

Die binding van die satan en die feit dat hy oor die afgrond gegooi is, is baie tydelik. As die duisend jaar verby is, moet die satan weer vir 'n kort rukkie losgelaat word – in hierdie tyd gaan hy die ongelowiges teen God organiseer.

Die wêreldgeskiedenis eindig dus wanneer alle Christene – die totale kerk van die Here – oor die hele aarde deur elke bestaande regering vervolgd en uitgeroei gaan word.

Net daarna word die satan vir ewig in die poel van vuur gegooi.

#### **Vers 4**

**En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuïenis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. (Openbaring 20:4 AFR53)**

Johannes beskryf wat tydens hierdie duisend jaar wat die satan gebind is, op die aarde gebeur: Die evangelie moet verkondig word aan al die heidense volke sonder dat die satan dit kan belemmer.

Die Here laat Johannes ook sien wat gedurende hierdie tyd in die hemel gebeur. Vers 4-6 beskryf wat van die mense geword het wat in die Here geglo het, en wat intussen al dood is.

Johannes sien letterlik almal wat al dood is. Hy sê hy sien die siele van die wat onthoof is oor die getuïenis van Jesus en oor die woord van God en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie. Dit is al die mense wat nie die merk (van die dier) op hulle voorhoof en op hulle hand ontvang het nie. Dit is die volle heilige algemene Chris-telike kerk van die Here

– wat tans op die aarde lewe sowel as die wat reeds gesterf het.

Johannes sien ook wat hulle daar in die hemel doen: Hulle leef en regeer as konings saam met die Here Jesus Christus die duisend jaar lank.

### **En ek het trone gesien...**

Dis opvallend dat Johannes nie sê hoeveel **trone** hy sien nie! Die woord **trone** is hier bedoel om die aard van die werk wat hulle in die hemel doen, aan te dui. **Trone** simboliseer die vermoë om te regeer.

Die siele wat in die hemel is, staan nie ledig daar rond nie. Hulle lewe en werk. Hulle beweeg – hulle gaan sit op die trone. Hulle regeer saam met die Gesalfde van God – die Here Jesus Christus.

Daar word meer as net hierdie keer na diegene verwys wat saam met die Here Jesus regeer:

**En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.** (Openbaring 2:26.27 AFR53)

**Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.** (Openbaring 3:21 AFR53)

Daar is ook 'n verwysing in 1 Korintiërs 6:2 na wat die heiliges in die hiernamaals sal doen:

**Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?** (1 Korintiërs 6:2 AFR53)

Weereens is dit uit die beskrywing duidelik dat dit wat Johannes sien, voor die wederkoms is.

Daarmee saam is dit duidelik dat die dinge wat hy hier beskryf, nie op die aarde gebeur nie, want hy sê uitdruklik dat hy **siele** sien. Hy sien nie volledige mense soos ons hulle op die aarde ken nie. Hy sien mense soos wat hulle is nadat hulle op die aarde gesterf het, maar nog nie met die wederkoms met liggaam en siel verenig en volmaak is nie. Hy sien **die siele [gesien] van die wat onthoof is**. Daarmee stel Johannes dit duidelik dat hy nie volledige mense sien nie.

Daar is plekke in die Bybel waar die woord **siel** na die hele mens verwys. Voorbeelde is die volgende gedeeltes:

**En die koning van Sodom sê vir Abram: Gee my die mense, maar neem die goed vir uself.** (Genesis 14:21 AFR53)

(Die grondteks lees **siele** – wat vertaal is met **mense**)

**Toe neem Esau sy vroue en sy seuns en sy dogters en al die mense van sy huis, sy vee en al sy diere en al sy besittings wat hy in die land Kanaän verwerf het, en hy trek na 'n land, wég van sy broer Jakob af;** (Genesis 36:6 AFR53)

(Die grondteks lees **siele** – wat vertaal is met **mense**)

In die volgende vers beteken **siele** alles wat lewe (mense en diere):

**en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.** (Openbaring 8:9 AFR53)

In die volgende aanhaling word die woord **siele** met **lewe** vertaal:

**En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.** (Openbaring 12:11 AFR53)

Kyk na die betekenis van hierdie dinge vir ons:

- In hierdie tyd wat op die aarde nog voortgaan en die evangelie verkondig word aan die heidenvolke, is die mense wat reeds gesterf het nie iewers vasgevries nie.
- Hulle geniet die heerlijkheid van God se teenwoordigheid.
- Hulle regeer saam met Hom in heerlijkheid.

*Dit is nogal ironies dat daardie mense op die aarde doodgemaak is omdat die wêreldmense wat die gesag in die hande gehad het, nie met hulle saamgestem het nie.*

Nou is die bordjies presies verhang: Die gelowiges help meteens in die regeerwerk van God om die wêreldlinge vir ewig te oordeel verby die dood, tot in die hel (~~Openbaring 20:4~~):

**En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.** (Openbaring 20:4 AFR53)

## **Vers 5, 6**

**En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.** (Openbaring 20:5 AFR53)

Johannes noem die herlewing van die wat die Here met hulle hele lewe gedien het, die eerste opstanding. Hierdie eerste opstanding bedoel nie dat die uitverkore mense wat gesterf het tans 'n voor-lopige liggaamlike opstanding ondergaan nie. Hierdie eerste opstanding bedoel dat alle gereddes dadelik met hulle siel die volle saligheid geniet.

Die eerste opstanding vind plaas die oomblik wanneer 'n mens sterf – omdat sy oordeel ook dan plaasvind. Tydens hierdie oordeel kry die uitverkorenes op sterkte van die Here Jesus se verdienste vryspraak. Hierdie herlewe (weer lewend word) wanneer die gereddes as hulle doodgaan, in die salige hemelse lewe, is die allerbeslissende en belangrikste opstanding.

Die apostel Paulus beskryf hierdie oomblik van toetrede in die koninkryk van God in as verreweg die beste:

**Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;** (Filippense 1:23 AFR53)

Die wat met die eerste opstanding in die heerlijkheid by God op-geneem is, kry hulle liggame eers terug met die wederkoms van die Here Jesus. Dit is die tweede opstanding. Die wat almal ongelowig was en teen God in verset was, kry ook hulle liggame terug met die wederkoms. Hulle word dan met liggaam en siel in die hel gewerp. Dis die tweede dood.

Die Here openbaar mooi dinge van hierdie mense: Die finale oordeel is nie vir hulle 'n bedreiging nie. Die eindoordeel is wel vir die wat deur die duiwel mislei is, 'n bedreiging. Die Bybel noem die eind-oordeel waarmee hierdie mense in die hel gegooi word, die tweede dood:

**Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer** (Openbaring 20:6 [AFR53](#)[AFR83](#)).

Johannes noem hierdie gebeurtenis wanneer mense op die aarde sterf en dan met hulle siele in die hemel verder lewe, en saam met Christus regeer, **die eerste opstanding** (20:5).

Die vraag is: Wat doen die mense daar in die hemel? Die feit is dat niemand leeglê nie. Almal werk – en almal het vreugde in dit wat hulle voor God doen.

**Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle tranes van hulle oë afvee.** (Openbaring 7:15-17 [AFR53](#))

Ons regeer as God se konings oor die nuwe skepping (wat ons op die aarde nie kon regkry nie). Terselfdertyd is ons ook God se priesters in volmaakte aanbidding.

**en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.** (Openbaring 1:5 [AFR53](#))

Al die gereddes in die hemel sing voortdurend tot eer van God. Waarskynlik sing die mense en die engele saam tot eer van God!

**En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is.** (Openbaring 14:3 [AFR53](#))

**en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.** (Openbaring 5:10 [AFR53](#))

Die gereddes leef in hierdie staat van heerlijkheid en mag en blydschap – teenoor die lyding, angs en vervolging en uiteindelijke ondergang wat die vyande van God oorkom.

**Vers 7-9**

**En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.** (Openbaring 20:7-9 AFR53)

(Vergelyk vers 9 met Openbaring 16:12; 19:19 – sesde skaal)

Die Here openbaar op hierdie punt aan Johannes die loslating van die satan en die geweld wat hy teen die kerk aan die gang sit.

Dit klink vir ons na 'n baie lang tyd as daar in die Bybel staan dat die duiwel vir duisend jaar lank gebind moet wees. Maar duisend jaar is, in God se tyd gereken, glad nie lank nie. Ons lees byvoorbeeld in Psalm 90:4 dat duisend jaar in die oë van die Here is soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak.

**Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak.** (Psalm 90:4 AFR53)

Dink ook aan die apostel Petrus se woorde:

**Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag.**

(2 Petrus 3:8 AFR53)

Die Here openbaar ook wat op die aarde gaan gebeur wanneer die duisend jaar verby is. Nadat die duiwel vir die duisend jaar gebind was, moet hy 'n klein rukkie losgelaat word (Openbaring 20:7).

Vers 7-10 vertel van die loslating van die satan en watter geweld hy dan teen die kerk aan die gang sit.

- Van hierdie groot verdrukking het ons al vroeër gehoor in die Nuwe Testament:

**Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom — laat hy wat lees, oplet — dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.** (Matteus 24:15-22 AFR53)

**Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die**

**Satan met aller-hande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aan-geneem het om gered te word nie. (2 Tessalonisense 2:3-10)**

Die boosheid wat in die satan is, kom baie duidelik uit in die feit dat hy nie in staat is om te leer nie! Die feit dat hy gebind was, en dat hy magteloos was om uit sy grense te breek, het hom nie tot die insig gebring dat hy hom aan God moet onderwerp nie! Die oomblik toe hy losgelaat word, toe volhard hy verder in sy ou plan om teen God in opstand te kom.

Tydens hierdie periode nadat hy losgelaat word, gaan die satan verskriklik teen die kerk tekere. Hy versamel die Gog en die Magog – dit is alle volke en magte wat teen God is – en hy organiseer hulle in 'n aanval teen die kerk. Goddeloosheid vlam oor die hele mensdom op teen God en sy kerk. Almal wat in hierdie tyd nie tot bekering gekom het nie, val in 'n stroom van gruwelikheid en haat teen die kerk van die Here hier op die aarde.

In daardie stukkie tyd probeer die satan met alles wat hy kan om die kerk van die Here uit te roei.

*NB: Dit is waarskynlik die tyd waarin ons nou is!*

Gog en Magog is 'n versamelnaam vir volke uit die heidendom. Esegël 38 en 39 verhaal hoe die God en die Magog met 'n baie groot leer uit al die heidenvolke opgetrek het teen Israel om Israel uit te roei. Die Gog en die Magog is egter op Israel se grondgebied heeltemal verslaan. Daarom word dieselfde naam vir die volke-magte gebruik wat teen die Christene en God optrek. Hulle naam is alreeds profeties van die nederlaag wat hulle in die eindtyd op die lyf gaan loop.

Hierdie leer uit die sataniese magte is baie groot.

Die Here openbaar dat die mense gedurende hierdie tyd nie tot bekering wil kom nie. Hulle volhard in afgodery en ongeloof. Dink hier byvoorbeeld aan:

**En die orige mense wat deur hierdie plaë nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.**  
(Openbaring 9:20, 21 AFR53)

**En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plaë, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.**  
(Openbaring 16:8-11 AFR53)

Dis nie asof hierdie magte en mense die Here Jesus nie ken nie. Hulle ken Hom goed en hulle ken sy evangelie – daarom veg hulle teen Hom.

**Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

(Openbaring 17:14 AFR53)

Die Here se straf teen hierdie mense se onbekeerlikheid, is dat Hy die satan loslaat uit die afgrond en uit die ketting waarmee hy vas-geboei is. Die satan – met sy beperkte insig en waarskynlik ook sy wanhoop – sweep nou alle volke op teen God en teen sy kerk. So berei God die einde voor.

Die aanval op die kerk is geweldig. Die magte kom aan in 'n menigte soos die sand van die see en maak oorlog teen die kerk. Hulle mikpunt is om alles wat die eer van God dien vir ewig op die aarde uit te roei. Dit openbaar 'n baie benoude tyd vir elke mens wat glo. Maar op daardie oomblik verskyn die Here tot hulp op die wolke en die einde is hier.

**En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel,...**

(Openbaring 20:9a AFR53)

Hulle mikpunt is om die gelowiges/kerk aan te val en uit te wis. Hulle haat is spesifiek teen die Christendom gerig.

Die woorde **die laer van die heiliges** en **die geliefde stad** is al twee beskrywings van dieselfde mense. Dis diegene wat almal deur God uitverkies is en deur Hom verlos is. Hulle woon in die geliefde stad (Nuwe Jerusalem) en hulle is die laer van heiliges. Terselfdertyd is hulle die mense wat deur die satan geteiken word dat hy hulle wil aanval en uitwis.

Dit sal natuurlik 'n tyd wees van geweldige benoudheid en vervolging vir die gedeelte van die ware kerk wat dan nog op die aarde sal wees. Maar presies op daardie tydstip verskyn die Here op die wolke en kom die uitkoms vir die kerk van die Here! Dis ook die presiese oomblik wanneer die einde aanbreek.

Die Here gryp self in. Persoonlik maak Hy sy [uitverkorenes](#) en sy kerk se vyande tot niet. Drie sake staan sterk uit in hierdie optrede van die Here:

- Die eerste is dat die Here alleen optree.
- Dit is baie opmerklik dat die Here met vuur ingryp.
- Die Here vernietig al die vyande wat teen Hom en sy uitverkorenes opstaan.

Die eerste keer wat die Here die hele aarde se mense vernietig het, was dieselfde drie sake ook op die voorgrond.

- Die Here het sy straf aangekondig: Hy gaan die aarde met water vernietig. Noag moes 120 jaar bekeringsprediking preek en die ark bou.
- By daardie geleentheid het die Here met watersnood ingegryp en al sy vyande en die skepping vernietig deur verdrinking.
- Die Here het die hele aarde se bevolking vernietig en slegs agt mense gered.

Daarna het die Here met Noag 'n verbond gesluit en belowe dat Hy nie weer die aarde met water sou vernietig nie. Ons lees daardie gebeure in Genesis 9:12-15:

**En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte: my boog gee Ek in die**

**wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde. As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie.**  
(Genesis 9:12-15: AFR53)

In Openbaring 20:9 staan geskryf dat daar vuur van God af uitgaan wat al hierdie donker en bese magte verteer. Inderdaad nie weer water nie – hierdie keer vuur!

In 2 Tessalonisense 2:8 word hierdie vernietiging van die satan en sy magte ook geopenbaar:

**... en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,**  
(2 Tessalonisense 2:8 AFR53)

In die Ou Testament het die Here hierdie dinge al voorspel deur die profeet Esegjël:

**En Ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is. So sal Ek My dan as groot en as heilig laat ken en Myself bekend maak voor die oë van baie nasies; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.** (Esegjël 38:22, 23 AFR53)

Die apostel Petrus het gepreek dat die Here die huidige skepping met vuur gaan vernietig!

**Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.**  
(2 Petrus 3:7 AFR53)

Die Here sluit sy openbaring aan sy kerk af met 'n sterk refrein dat almal en alles wat teen Hom is, met vuur verbrand gaan word!

**daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.** (Openbaring 18:8 AFR53)

**En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.**

(Openbaring 20:9 AFR53)

**En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**

(Openbaring 20:10 AFR53)

**En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.**  
(Openbaring 20:14 AFR53)

**En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.**

(Openbaring 20:15 AFR53)

**Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienswaarders en al die leuenars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**

(Openbaring 21:8 AFR53)

### **Vers 10**

**En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**

Die toorn van God brand dan al hierdie magte gelyk weg tot in die ewige vuur.

- *Hierdie keer is dit nie weer 'n tydelike adres soos wat dit was toe die Here die engel gestuur het nie.*
- *Dit is ook nie weer net die duiwel alleen wat aan die pen ry nie. Alle magte wat saam met hom is, gaan in hierdie ewige ver-doemenis in.*
- *Die aanhitser en almal wat hulle laat aanhits het om verkeerde dinge te doen, is in die grootste moeilikheid wat daar is: die hel!*

Die oorsaak van alle ellendes en sondes wat daar in die skepping bestaan het, word deur God self uit die weg geruim. Hy word vir ewig in 'n poel van vuur gegooi.

Let wel:

- Hy word nie weer saggies hanteer deur net oor die afgrond ge-gooi te word en daar verseël of geboei te wees vir 'n tyd lank nie.
- Hy en al sy makkers wat hom ondersteun het en wat met hom saamgewerk het, word vir ewig in die poel van vuur gegooi.

Die leierskorps wat in die hel gegooi word, is die satan, die dier, die antichris en die valse profeet. Hulle kan nooit weer uit hierdie toestand uitkom nie! Hulle sal in 'n plek en 'n toestand wees waar hulle benoudheid, smarte en ellendes gaan beleef wat nie oorvertel of beskryf kan word nie.

Saam met hulle is almal wat nie tot bekering wou kom nie en wat die stem van God nie wou hoor nie en wat ook nie die Here in waarheid en opregtheid wou aanbid nie.

### **Vers 11**

**En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.**

(Openbaring 20:11 AFR53)

Die gedeelte (vers 11-15) gee weer 'n opsomming van hoe die wêreldgeskiedenis tot 'n einde gekom het. Hierdie keer is dit uit heeltemaal 'n ander hoek. Johannes sien God op 'n groot wit troon sit – wit teken hier volmaakte geregtigheid en reg. Die verskyning is sidderend almagtig en geweldig: Die hemel en die aarde probeer wegvlug voor die Here, maar hulle kan nie 'n wegkruipplek kry nie (Openbaring 20:11 – vergelyk vir die verklaring van hierdie woorde Openbaring 21:1).

Alle mense wat ooit gelewe het, staan voor God.

**Let op** dat dit nie weer “siele” is wat daar staan nie: Dit is almal wat gesterf het (die dode) klein en groot. Niemand ontbreek nie.

- Die see gee die wat verdrink het;
- Die aarde gee almal wat daarop gesterf het en begrawe [en verbrand?](#) is.

Die dood en die doderyk gee die wat daar is ook terug, sodat hulle geoordeel kan word volgens wat hulle gedoen het :

**En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.**

(Openbaring 20:13 AFR53)

Dan word die Here se boeke oopgemaak. Almal se lewens is opgeskryf en dit word voorgelees. Niemand kan kla oor onregverdigheid nie. Elkeen ontvang sy loon volgens die vrugte van sy lewe.

Aan die profeet Daniël is die dinge ook geopenbaar.

**'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.** (Daniël 7:10 AFR53)

Hierdie laaste oordeel het 'n paar "eienskappe" as mens dit so kan noem:

- Dit is absoluut regverdig.
- Daar is niemand wat dit ongeldig kan maak of wat kan teëpraat nie.
- Dit skei die goeie en die slegte tot in die fynste toe.
- Dit is finaal en handel die tyd vir ewig af.
- Dit begin 'n nuwe bedeling.

## **Vers 12**

**En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is ge-open. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.** (Openbaring 20:12 AFR53)

Die mense wat gesterf het staan lewend voor die Here. Almal – die grotes en die kleintjies.

Groot en klein sien waarskynlik nie net op ouderdom nie. Dit sien ook op die status wat mense in die lewe gehad het: belangrike mense/aansienlikes/magtiges (grotes) en onbelangrike mense (klein – *mikros*).

- Almal wat gesterf het, en ook die wat met die wederkoms nog leef, sal saam voor die regterstoel vergader.

Die hoek waaruit hierdie oordeel beskryf word, sluit aan by al die dinge wat tot nou toe van die duiwel en sy optredes vertel is. Die Here beoordeel elke mens wat voor hom verskyn ten opsigte van die mate wat hy die evangelie van God nie wou aanvaar nie en hy hom daarteen by die duiwel geskaar het.

**Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het.** (Openbaring 20:12 AFR83)

Daar is twee stelle boeke wat oopgemaak word.

- Die eerste stel word net die boeke genoem – dit is die gewetens van die mense (vgl. NGB art 37).
- In hierdie boeke staan alles geskryf wat die mense gedoen het.

- Diegene wie se op die “bate-kant” van hulle boeke die Naam van Christus en sy werk het se name sal ook in die boek van die lewe geskryf staan.
- Hulle name is nog voor die skepping van die wêreld in die boek van die lewe opgeskryf.

*Hierdie mense en magte sterf die tweede dood.*

- Die eerste dood was toe hulle liggame doodgegaan het.
- Die tweede dood is wanneer hulle liggame weer opgewek word en hulle met liggaam en siel in die ewige vuurpoel gegooi word.

Op daardie oomblik is die skeiding finaal, want die dood en die dode-ryk word in die vuurpoel gegooi. Die vuurpoel is die tweede dood (Openbaring 20:14, 15).

Daar is mos 'n paar snaakse dogmas wat in ons tyd deur mense ge-glo word – en nie een van hulle klop met hierdie Bybelgedeelte nie:

- Van die gedagte wat ons deesdae by baie mense kry, naamlik dat daar 'n gelukstaat op die aarde sal wees voordat die wêreldgeskiedenis afgeloop het en die Here kom, is in hierdie Bybelgedeelte nie sprake nie.
- Dit is ook nie so dat die Here eers 'n ruk lank op die aarde sal kom bly, waartydens Hy al die heiliges sal laat opstaan, sodat hulle in geluk en vrede met Hom sal saamlewe, en dan gaan Hy weer weg, om met die eindoordeel finaal te kom nie.

Hierdie gedeelte waarsku ons om op ons hoede te wees. Ons beleef waarskynlik al die tydperk waar die duiwel al na sy duisendjarige gevangenskap losgelaat is. Hy is waarskynlik in ons tyd al besig om met haat en verleiding elke moontlike mens en mag teen God in opstand te bring.

Ons moet uiters versigtig wees dat ons nie in hierdie tyd met verkeerde magte deurmekaar raak nie, want ons weet uit ander gedeeltes in die Bybel dat die duiwel onder andere valse godsdiens gebruik om mense teen God in verset te bring.

Ons moet lewe soos mense wat paraat is in hulle geloof en wat die Here inwag:

- Ons moet leef soos mense wat weet hoe laat is dit op die Here se horlosie.
- Ons moet leef soos mense wat hulle nie ophou met dwaalleer en verset teen die Here nie.
- Ons moet in beginsel reeds doen wat die mense doen wat reeds in die hemel is: Ons moet God se konings wees wat oor die duiwel heers en in ons lewe net plek het vir God se wil.

### **Vers 13**

**En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.**

(Openbaring 20:13 AFR53)

Johannes beskryf hiermee die grootste wonderwerk waaraan mens seker kan dink. Al die dooies word lewendig. Hy het gesien hoe dit gebeur. Die grafte het oopgegaan en daar kom mense lewendig uit. Waar ook al mense aan hulle einde gekom het, hulle word daar lewendig en verskyn voor die troon van God.

So sien hy dat almal wat op die aarde dood is, teruggegee word. Ook die mense wat in die see hulle grafte gekry het, word lewendig terugbesorg sodat hulle lewend voor God kan verskyn.

Die dood en die doderyk het hulle dooies ook gegee. Dit beteken dat die siele van die wat as verlore nes gesterf het, ook aan hulle liggame terug gegee was. Die gelowiges se liggaam en siel is verenig by hierdie opstanding – maar so ook die ongelowiges. Almal verskyn as volledige (komplete) mense in die eindgerig voor die Here. Daar kom nie een enkele een kort nie.

Vergelyk hiervoor die Heidelbergse Kategismus

**Vraag 57: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?**

**Antwoord:** *Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).*

*(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.*

**Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?**

**Antwoord:** *Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit – 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekrom het nie – om God daarin ewig te prys (b).*

*(a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.*

## **Vers14, 15**

**En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.** (Openbaring 20:14, 15 AFR53)

Die dood en die doderyk word gestraf. Die effek daarvan is dat die liggaamlike dood en sy konsekwensies tot niet gemaak word. Die liggame wat begrawe was (of in die see, of waar ook al) word lewendig gemaak. Die siele van die ongelowiges wat in die hel was, word weer met hulle liggame verenig. Daar is nou nie meer skeiding tus-sen liggaam en siel nie. Die ongelowiges gaan met liggaam en siel – as volledige mense – in die hel in vir ewig. Dis die tweede dood.

Dis hierdie dood wat gevrees moet word – nie die liggaamlike dood nie. Dieselfde saak kom in Matteus 10:28 ook aan die orde:

**En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.**

(Matteus 10:28 AFR53)

Daar is nie meer een enkele graf oor nie. Almal het uit die grafte opgestaan. Daarna is die ongelowiges en al die magte van die satan en die antichris in die poel van vuur gegooi.

Dink aan die wonder daarvan dat daar op die nuwe aarde geen enkele graf sal wees wat die skoonheid van God se skepping sal skend nie.

Elke mens van wie daar geen lewe en goeie dinge geboekstaaf kon word nie, word in die ewige hel gegooi. Vergelyk hiervoor die volgende uitsprake:

**Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.**  
(Openbaring 3:5 AFR53)

**en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie.**  
(Openbaring 12:8 AFR53)

**Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.**  
(Openbaring 17:8 AFR53)

**En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoor-saamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.** (Efesiërs 2:1-3 AFR53)

Voetnota:

*Met volle erkenning aan Professor [Wille-Willie](#) Snyman, word 'n artikel wat hy in 1954 oor die Chiliasme in die Kerkblad geskryf het aangeheg:*

### **Die Duisendjarige Ryk**

Die Redaksie het onlangs verskeie skrywes ontvang wat handel oor die Duisendjarige Ryk, of dan die Chiliasme. Daarom het ons besluit om die onderstaande artikel (ietwat verwerk) van prof. WJ Snyman oor hierdie onderwerp te plaas, aangesien dit 'n baie duidelike uiteensetting gee. Hierdie bydrae van hom het in Die Kerkblad van 3 Februarie 1954 en 16 Junie 1954 verskyn, en is opgeneem in sy boek "Nuwe en Ou Dinge". – Redakteur **Die Kerkblad**.

Die aanleiding tot hierdie bespreking is verskillende briewe wat ontvang is in verband met die komende dinge, myns insiens oor die Duisendjarige Ryk. Ons begin met 'n paar algemene opmerkings en wel oor die Duisendjarige Ryk, waarop dit veral neerkom in die vrae.

Die heersende opvatting in ons Gereformeerde Kerk is ongetwyfeld die sogenaamde "geestelike", dat die Duisendjarige Ryk sien op die tydperk tussen die verhoging van Christus tot met sy wederkoms. Dit is egter nie die enigste toegelate opvatting nie. Dit het duidelik geblyk by die toetreding van die gemeentes onder die Kruis, wat oorwegend die "letterlike" opvatting toegedaan was, dat dit naamlik sien op 'n periode van duisend jaar wat ons nog moet verwag in die toekoms.

Hiermee is duidelik te kenne gegee dat ons Kerk, wat die komende dinge betref, tot op sekere hoogte 'n oop standpunt wil inneem. Die opmerkings wat ons in hierdie verband wil maak, is eerstens dat geen lidmaat nog in die posisie geplaas is dat hy die Gereformeerde Kerk moes verlaat ter wille van 'n letterlike verklaring van die Duisendjarige Ryk nie. En verder, as lidmate, watter posisie hulle ook mag beklee, sover gaan om vanuit hulle standpunt ander te beskuldig van onregsinnigheid, dan gaan hulle verder as wat die Kerk

hulle toelaat om te gaan.

'n Volgende opmerking is dat ons hier nie met meninge te doen het wat vanaf gister en eergister teenoor mekaar staan. Ook nie maar sedert die vorige eeu nie. Die vraagstuk het al bestaan voordat daar 'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was. Dit is so oud as die Christelike Kerk self. Daarom is die houding van verbasing dat ander nie maar direk kan instem met wat, volgens ons eie sienswyse, die enigste en regte verklaring moet wees nie, verkeerd.

Ons behoort daarby te bedink dat albei hierdie opvattinge van eeue ver van die bekwaamste en nougesetste Skrifverklaarders aan hulle kant gehad het, wie se opregtheid ons nie onder verdenking durf bring nie. Ons volstaan met die name van ons hervormers. Luther en Calvyn het die letterlike verklaring van die Duisendjarige Ryk verwerp. Abraham Kuyper se opvatting het weer sterk afgewyk van die gangbare "geestelike" verklaring. Ook weer 'n bewys van die mate van oopheid wat die Gereformeerde Kerke ten opsigte van "onvervulde" profesieë bewaar het. Ons moet nie verwag dat 'n probleem van soveel eeue op 'n gegewe moment sommer tot afsluiting gebring kan word nie.

Dit is miskien ook nie onnodig om mekaar daaraan te herinner dat ons almal glo in 'n duisendjarige ryk nie. Ons moet daarin glo, want die Skrif leer dit in Openbaring 20:1-7, al is dit die enigste plek waar dit met soveel woorde gelees word. Die verskil betref alleen die verklaring, naamlik of dit letterlik verstaan moet word as 'n tydperk van duisend jaar, wat nog moet intree in die toekoms voor die uiteindelijke wederkoms van Christus, miskien ook voorafgegaan deur nog 'n wederkoms, en of dit simbolies verklaar moet word, soos die getalle deurgaans in Openbaring, en dit dan sien op die tydperk tussen Christus se eerste en tweede koms. Die vraag dus, of ons nou leef in die voorlaaste bedeling van die wederkoms van Christus, en of ons leef in die laaste bedeling.

Hierby wil ons dan opmerk dat as ons gekies het vir die eerste, die letterlike opvatting, dan is ons nog nie klaar nie. Dan is daar weer baie uiteenlopende verklarings. Byna elke boek wat hieroor verskyn – en daar verskyn baie – verteenwoordig weer 'n eie opvatting. In byvoorbeeld die boek van ds. AA Leenhouts – *Gods Voorlaatste Geheim* – val die oordeel oor die Antichris by die wederkoms van Christus (Openb. 19:20) en die oordeel oor Satan (Openb. 20:10) saam. Die Duisendjarige Ryk vind die skrywer in die verborgenheid wat Johannes nie mag neerskryf nie (Openb. 10:4, 7). Dit val in hierdie bedeling, in die toekoms. Christus se wederkoms is dus minstens binne duisend jaar nog nie te wagte nie.

Ons noem hierdie verskille nie om ondersoek te ontmoedig nie. Inteendeel, dit gaan om die waarheid, en vir die waarheid moet getuig word, al bring dit stryd en verdeling (1 Kor. 11:18, 19). Wat ons alleen duidelik wil laat wees, is dat die verskil tussen die "letterlike" en "geestelike" verklaring nie die enigste verskil in hierdie verband is nie. Dit is uiters moeilik om die weg te vind te midde van die verskillende "letterlike" verklarings.

Dit bring ons by 'n volgende punt, naamlik dat daar by die "Chiliasie", soos ons die voorstanders van die letterlike opvatting voorlopig wil noem, onderskei moet word tussen 'n regsinnige en onregsinnige rigting – diegene wat met hulle geloof in 'n Duisendjarige Ryk nie in botsing kom met die Gereformeerde Belydenis nie, en dié wat daar wel mee in botsing kom.

Die kerkgeskiedenis leer dat Chiliasme by byna al die sektes voorkom. Chiliasme beweeg in geselskap van sektes en bewegings soos die Dantiste, Adventiste, Sabbatariërs,

Wederdopers, Russelliete. Ons kan verder gaan, dit was kenmerkend van die oudste sekte, die Judaïsme (Joods-Christendom). Dit was ook die kenmerk van die Fariseërs. Ons vind dit in die Joodse Apokalipse vóór, tydens en ná Christus.

Ons sê dit ook weer nie om dit hiermee te veroordeel nie. Iets is nie verkeerd juis omdat 'n Wederdoper of 'n Russelliet dit ook leer nie, of selfs omdat die Skrifgeleerdes en Fariseërs dit ook geglo het nie. Die Here Jesus het op sekere punte met die Fariseërs saamgestem, byvoorbeeld oor die opstanding van die dode teenoor die Sadduseërs. Maar ons sê dit om gevaartekens langs die pad op te rig. As ons die weg van die Chiliasme opgaan, moet ons ons deeglik kan rekenskap gee van hierdie uitdraaipaaie.

Ons noem twee gevare: die een geld die koningskap van Christus, die ander die leer van die Verbond.

Daar is Chiliaste wat glo dat Christus tans as Koning regeer, en nie praat net van 'n teenwoordige priesterskap van Christus in die hemel en 'n Koningskap van Christus in die toekoms op aarde nie; en wat ook die verbond met Abraham verwesenlik sien in die kerk. As ons Chiliasme egter daartoe lei om die teenwoordige Koningskap van Christus te misken en die Verbond op te breek, dan raak dit fondamentstene van die Gereformeerde Belydenis en is ons op 'n onregsinnige weg.

Maar daar is nog 'n ander gevaarteken, naamlik om een of ander waarheid op die spits te dryf ten koste van ander waarhede. Dit is die weg van die sekte. Dit is 'n kenmerk van die eintlike Chiliasme, vandaar Chiliasme (Chilias is die Griekse woord vir duisend).

Ja, dit is nodig dat veral in ons tyd meer nadruk gelê sal word op die komende dinge. Dit is waar dat dit in die kerk, ook in ons kerk, te veel op die agtergrond staan. So ontstaan sektes. Sektes is 'n tugroede vir 'n kerk wat sekere waarhede verwaarloos. Maar die fout van die sekte is weer dat dit die ander waarhede verwaarloos ter wille van hierdie een, of dat dit al die waarhede sien deur die bril van hierdie een. Meer nog, dat dit geneig is om die saligheid te bind aan die dogma, en wel aan 'n bepaalde dogma.

Dit is gevare in verband met die Chiliasme. Dit het eintlik net 'n oog vir 'n bepaalde punt in die leer van die komende dinge, die duisend jaar, en is geneig om Openbaring 22:19 te verbind met 'n bepaalde verklaring daarvan.

### **Die “Duisendjarige Ryk” in algemene trekke**

Hier maak ons veral gebruik van die uiteensetting van Erich Sauer in sy boek, “Der Triumph des Gekreuzigten” (Die Triomf van die Gekruisigde). Ons sluit hierby aan omdat Sauer met sy geloof in 'n toekomstige “Duisendjarige Ryk” die teenwoordige Koningskap van Christus en die aanwesigheid van die koninkryk van die hemele nie oor die hoof sien nie. Dit is die groot beteken van die heilsfeite van Hemelvaart en Pinkster.

Hemelvaart is die troonsbestyging van die Koning. Toe is Hy met heerlikheid en eer gekroon. Toe is Hy in eintlike sin tot Here en Christus gemaak (Hand. 2:36) en is tans Gebieder (Jud. 4) en Heerser oor alle nasies (Matt. 28:18; Rom. 14:9). Die uitstorting van die Heilige Gees is saam met Hemelvaart die aanvang van die koninkryk van God op aarde. Sedert Pinkster is die koninkryk van God 'n werklikheid op aarde. Ontkenning van die teenwoordige Koningskap van Christus kry ons dus net by sekere vorme van die Chiliasme. Laasgenoemde is in botsing met ons belydenis (HK So. 18).

## Die regte houding

Die tweede rede waarom ons hierdie skrywer graag volg, is omdat ons hier 'n bedaarde uiteensetting kry sonder verwarrende polemieë tussenin en verder omdat sy uiteensetting gekenmerk word deur groot beskeidenheid. Die volgende opmerkings van hom word oorgeneem:

“In besonderhede is daar nog baie verborge, soos die simboliese of letterlike verklaring van baie eindvoorseggings, die vraag of die 70<sup>ste</sup> jaarweek (Dan. 9:24-27) vervul is of nie, die geheimenis van die getal 666 (Openb. 13:18), die Joodse staat in Palestina, die inval van die nasies (Openb. 11:7; Sag. 14:2), die slag van Armageddon (Openb. 16:16), en die volkeregering in die dal van Josafat (Joël 3:2, 12). Hier geld dit om wel te ondersoek (Openb. 1:3; 13:18), maar om ons daarby van ons beperktheid bewus te bly. Die volle uitlegging van die profesie sal eers in die vervulling gegee word.”

Dit is ook belangrik om te onderstreep dat baie wat gesê word aangaande die gebeurtenisse by die afloop van die geskiedenis, op subjektiewe uitlegging berus. Dikwels is dit 'n willekeurige saamvoeging van voorseggings wat nie saam hoort nie, en as boustowwe van 'n ingewikkelde leersisteem gebruik word. Profetiese uitsprake word dikwels uit hulle historiese samehang losgeruk en uitsluitend op die einde betrek. By alle ywer in die ondersoek van die profesieë is versigtigheid en veral beskeidenheid plig. Die Bybelse profesie is nie waarsêery om die nuuskierigheid te bevredig nie, maar voorsegging om hart en gewete aan te gryp. Die geloof kán ook wag totdat die Here in die tyd van die vervulling die regte insig gee. Intussen bly die Woord van krag om die profesieë nie te verwaarloos nie, “want die tyd is naby” (Openb. 1:3).

## Die jaarweke van Daniël

Die “Duisendjarige Ryk” word geknoop aan die reeds genoemde jaarweke van Daniël (9:24-27). Die gangbare mening is dat 69 jaarweke (die 7 + 62 daar genoem), dit wil sê 483 jaar, vanaf die terugkeer ons bring by die tyd van die optrede van Christus. Tussen die 69<sup>ste</sup> en 70<sup>ste</sup> jaarweke volg dan 'n onbepaalde tyd. Dit is die tyd waarin ons lewe, die tyd van die Nuwe-Testamentiese kerk. Vir die Ou-Testamentiese profete was die kerk 'n verborgenheid. Dit het **buite die gesigsveld van die profete** gelê. Hulle het van die kerk niks geweet nie en ook niks gesê nie.

Die 70<sup>ste</sup> jaarweek bring ons dan by die eindtyd. Dit is die jaarweek van die Antichris. Dit sal presies sewe jaar duur. Eers sluit hy 'n verbond met die Jode wat intussen na Palestina teruggekeer en stad en tempel herbou het. In die helfte van die week, na 3½ jaar, breek hy sy verbond met die Jode en sal dan soos 'n tweede Antiochus Epiphanes die Joodse tempel ontheilig en die offerdiens afskaf (Dan. 8:11; 11:31-36; 2 Tess. 2:4; Openb. 13:7), en die gruwel van die verwoesting oprig op die heilige plek (Matt. 24:15) en 'n groot verwoesting aanrig, totdat Christus verskyn aan die einde van daardie laaste jaarweek. As gevolg van hierdie “letterlike” jaartelling, 1 week = 1 jaar, kan (ondanks Hand. 1:7; Mark. 13:32; Matt. 24:50) die dag van Jesus se wederkoms presies bereken word. Na die verskyning van die Antichris sal dit presies sewe jaar wees.

## Wat alles gebeur by die wederkoms van Christus

'n **Eerste opstanding**. Dit vind plaas by Christus se wederkoms net voor die begin van die "Duisendjarige Ryk" (Openb. 20:5). Die **tweede** opstanding (Openb. 20:5) volg na die duisend jaar. Daar is verskil van mening oor wie deel het aan hierdie eerste opstanding. Dit sal die martelare van die Antichristelike tyd wees en dié wat nie voor hom geswig het nie (Openb. 20:4). Sommige meen: ook dié wat geglo het in die letterlike "Duisendjarige Ryk". Ander meen: al die gelowiges van die Ou en Nuwe Testament.

Daar is ook verskil van mening oor die tydstop van die eerste opstanding. Volgens sommige sal dit plaasvind voor die Antichristelike verdrukking. Dit bring in moeilikheid met die getroues onder die Antichris wat saam met Christus sal regeer. Ander meen ná die verdrukking. Hulle het dan ook deel aan die verdrukking. Dan kom Christus, as die nag op sy donkerste is, wek die gelowiges op en neem hulle met die dan nog lewendes op in die lug (1 Tess. 4:16, 17). Dit is 'n opstanding **uit** die dode (Luk. 20:35; Fil. 3:11), dit wil sê onder die dode uit. Die ander bly dood tot ná die duisend jaar. So kom Christus dan **vir** sy heiliges. Kort daarna kom Hy vir die tweede keer, nou **met** sy heiliges, tot die gerig.

**Die bevryding van Jerusalem.** Intussen het die volkereleërs onder die Antichris om Jerusalem saamgetrek. As hulle gereed staan om die Jode uit te delg, dan kom Christus met sy heiliges en verpletter die leërs. Dit is die slag van Armageddon (Openb. 16:16; 19:17-21). Die groot stad van die Antichris, die herboude Babilon, hoofstad van die wêreld, word deur aardbewings verwoes, wat gepaard gaan met die wederkoms van Christus (Openb. 16:18, 19; 18:21-24).

**Die gerig.** Die Antichris en die valse profeet word in die verderf gestort (Openb. 19:20). Satan nog nie – hy word vir duisend jaar in die afgrond gebind (Openb. 20:1-3). Daar is nog 'n tweede gerig. Dit is die volkeregerig in die dal van Josafat (Openb. 19:21; Joël 2:2, 12). Dit is die gerig waarvan sprake is in Matteus 25:31-46. Dit gaan hier nie om die ewige oordeel nie (al spreek Matteus van die "ewige straf" en die "ewige lewe"), maar oor die ingaan al dan nie in die "Duisendjarige Ryk".

Daar is dus verskillende gerigte: dié van die gelowiges voor die **regterstoel** van Christus (o.a. 2 Kor. 5:10) 'n tydjie voor die "Duisendjarige Ryk", waar dit slegs gaan om die mate van loontoekenning; dan, die gerig oor die volkere voor die **troon van die heerlikheid** (Matt. 25:31) net voor die "Duisendjarige Ryk", waar dit gaan om toegang tot die ryk; en eindelijk die laaste gerig voor die **groot wit troon** (Openb. 20:11) oor die lewende en die dode na die duisend jaar. Dus: verskillende wederkomste. Verskillende opstandings. Verskillende gerigte.

## **Die terugkeer van Israel**

By die leer van die "Duisendjarige Ryk" neem die terugkeer van Israel 'n baie belangrike plek in. Dit bring ons by die "**onvervulde profesieë**", wat betrekking het tot die terugkeer van Israel, almal beloftes van God aan Israel wat nog uitstaan. Wie gee ons die reg om dit te "vergeestelik" en oor te dra op die kerk? So word gevra, en dan gesê: Dit sou niks minder as bedekte bondsbreuk van God ten opsigte van sy volk wees nie!

Onmiddellik volg egter: Vergeesteliking en oordrag daarvan op die kerk kan nie heel-temal van die hand gewys word nie, want Paulus sien Jesaja 11:10 ('n "duisendjarige-ryk-hoofstuk") **vervul** in die kerk in Romeine 15:12; ook Hosea 1:10 in Romeine 9:25, 26. Petrus sien dieselfde profesie, vervul in die kerk (1 Pet. 2:10) en Joël 2:28-32 in die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:16-21). Ons kan ook nog verwys na die

“vergeesteliking” van Jesaja 40 deur Johannes die Doper. Ons moet maar versigtig wees met die “onvervulde profesieë”. Hulle is vervul. God het in Christus sy beloftes aan die vaders bevestig en sy waaragtigheid bewys (Rom. 15:8-12), al moet daar nog verdere vervullings verwag word soos ons dit by profesieë dikwels aantref.

Nog voor die aanbreek van die “Duisendjarige Ryk” gaan Israel dan na Palestina. Die doodsbeendere van Esegïel 37 begin beweeg. As Jode gaan hulle na Palestina en word daar verander in Israel. Die weg van verlossing is nie dié van **geloof** in die Gekruisigde nie, maar van **aanskouing** van die Verheerlikte. Met die verskyning van Christus in heerlijkheid kom hulle tot bekering. Só word Openbaring 1:7 verstaan as vervulling van Sagaria 12:10. Dan vind die groot wonder plaas, die geestelike vernuwing van Israel. Daar vind weer ’n uitstorting van die Heilige Gees plaas. Israel en die kerk is twee. Daarom gebeur dieselfde dinge oor. Joël 2 (vgl. Eseg. 11:19) word ’n tweede keer vervul (vgl. Hand. 2:16-18). Die profesie aangaande die Nuwe Verbond (Jer. 31:31-33) gaan ook eers dan in vervulling, ’n profesie waarvan Jesus die vervulling verbind het aan die instelling van die Nagmaal wat die pasga kom vervang het, soos die doop die besnydenis as verbondstekens van die Nuwe-Testamentiese volk van God, die ware Israel.

Die “onvervulde profesie” bevat tewens die wet ook die skaduagtige (Eseg. 37-48). In die “Duisendjarige Ryk” word die hele tempeldiens met die priesterskap en offerandes weer herstel, die brand-, spys-, dank- en sondoffers, die Nagmaal is vervang deur die pasga, Sondag het weer plek gemaak vir die Sabbat. Ons is weer terug in die Ou Testament. Dit skyn “nouliks” moontlik, so word versigtig gesê, om hierdie profesieë geestelik te verstaan. Die leser moet maar self Hebreërs 7-10 hiernaas plaas en sy eie oordeel vorm.

### **Die nasies en die sending**

Die vernude Israel is God se sendeling in die volkerewêreld. Van Sion sal die wet uitgaan (Miga 4:2). Israel is die Paulus van die “Duisendjarige Ryk”. Die Olyfberg is vir Israel sy Damaskus. Die vereniging van die nasies en Israel onder die heerskappy van Christus, waarvan die profete spreek (o.a. Ps. 22:8; 48:8,9; 72:8-10; Jes. 49:6; 42:6, 7; vgl. Luk. 2:31-32; Sag. 2:15; 8:22) en wat Paulus volgens Efesiërs 1:10 vervul sien, word dan eers vervul. Die “Duisendjarige Ryk” is die “gewigtigste” en die “eint-like” sendingtyd, want dan is Satan gebonde. Vir die eerste keer in die geskiedenis sal daar so iets as Christelike nasies wees.

Hier is dit duidelik wat daarmee gemoeid is as die Koningskap van Christus verlê word uit ons tyd in ’n toekomstige “Duisendjarige Ryk”. Goed deurgedink kom ons uit by een van die modernistiese rigtings in die teologie (die Dialektiese) wat ontken dat hier so iets kan wees as “Christelike nasies”, “Christelike onderwys”, “Christelike same-lewing”, ’n “Christelike lewe”. Dit is iets vir die eind- of bo-historiese. Waarvoor dan ons stryd?

Die Godsdien in die “Duisendjarige Ryk” sal ook nie die Christelike wees nie, maar die Israelitiese, reuk- en spysoffers met verwysing na Jesaja 56:7, 60:7, Maleagi 1:11, en ook by die volkere sal die Sondag vervang word deur die Sabbat.

### **Die natuur**

Die verlossing van die skepping waarvan Paulus praat in Romeine 8:19-22 sien nie op die nuwe aarde nie, maar op die “Duisendjarige Ryk”. Die paradys is daar min of meer herstel. Daar is ’n weelderige plantegroei selfs in die woestyn (Jes. 41:18), veral in Kanaän. Soos

daar vrede is onder die mense en nasies, so ook tussen dier en dier (Jes. 11:6, 7; 65:25), en tussen mens en dier, ook die slang (Jes. 11:8).

## Die einde

Nieteenstaande die binding van Satan is daar tog nog sonde en ook dood, hoewel die mense minstens 100 jaar oud sal word (Jes. 65:20). Daar sal moontlik ook opstande wees teen die Christusheerskappy. Maar dit sal met geweld onderdruk word. Die heerskappy van Christus en sy heiliges neem dus die vorm aan van 'n soort dwangheerskappy in plaas van innerlike bereidheid en oorgegewenheid (Ps. 110:3). Immers, geregtigheid **heers** op die aarde en **woon** nog nie daar nie.

Op die end kom dit tot 'n groot afval deur die verleiding van Satan. Die paradysgeskiedenis word min of meer herhaal. In die paradys was dit so dat die mens **kon** sondig. Hier is dit so dat dit vir die mens **nie swaar** is om **nie** te sondig nie, want Satan is gebonde. Aan die einde word hy losgelaat. Onder die meer ideale toestande, onder die handtastelike genadebetoon en onder die direkte heerskappy kies hulle vir Satan. Dit bring ons by die eindgerig.

~~~~~  
Hiermee het ons so 'n saaklik moontlike oorsig gegee van voorstellings in verband met 'n toekomstig-letterlike "Duisendjarige Ryk". Uit wat gegee is, behoort die volgende duidelik te wees:

Dat ons moet oppas om nie met ons menslike eensydighede **teenstellings** te skep wat die Skrif nie ken nie, byvoorbeeld tussen letterlike en geestelike verklaring, kerk en Israel, vervulde en onvervulde profesieë. Profesieë kan verskillende dieptes hê. Dieselfde profesie kan vervul en ook nog onvervul wees. Die letterlike sin kan ook nog 'n geestelike diepte hê, sonder dat daar die minste aan die letter afbreuk gedoen word. Profesieë wat betrekking het op Israel, kan oorgebring word en word inderdaad deur die Skrif op die kerk oorgebring.

Dit behoort verder duidelik te wees watter gevaar daar verbonde is aan die verlegging van die Koningskap van Christus na die toekoms. Dit raak die uitdra van die evangelie na die nasies (Matt. 28:19) en die indra en uitlewe van ons Christelike beginsels in hierdie lewe (Matt. 5:13-16).